Droomdraers
WAAR HOOP
DIE TOEKOMS ONTMOET
NOORDELIKE SINODE
18 - 22 OKTOBER

Afsluitingseremonie

22 Oktober 2026

1

Lied 202   Prys Hom, die Hemelvors

1.
Prys Hom, die Hemelvors,
op sy verhewe troon,
loof Hom aan Wie die hemelkoor
hul hulde steeds betoon.
Aan Hom, die Skepperheer,
kom toe die eer en mag.
Sy Woord het alles voortgebring,
roem ewig sy gesag.

2

2.
Loof Hom, die Lam van God,
want Hy's vir ons geslag.
Hy het ons met sy bloed gekoop;
besing sy reddingsmag.
Uit elke stam en taal
het Hy ons vrygemaak;
sy koninkryk, sy priesterdom –
dít het Hy ons gemaak.

3

3.
Crown Him the Lord of peace,
his kingdom is at hand.
From pole to pole let warfare cease
and Christ rule every land!
All hail, Redeemer, hail,
for You have died for me.
Your praise shall never, never fail
throughout eternity.

4

3.
Lof, eer en heerlikheid,
die wysheid en die krag
behoort aan God daar op die troon
en aan die Lam, geslag.
Tot in die ewigheid
sal ons die lied laat hoor;
die hele skepping oraloor roep
"Amen" in 'n koor.

5

Vonkk 404   In 'n wêreld sonder liefde

1.
In 'n wêreld sonder liefde,
in 'n wêreld sonder hoop,
sluit die liefde van ons Vader
vergesigte vir ons oop.

Hier is liefde in sy arms;
hier is krag bo ons vermoë;
hier is hoop in donker tye;
hier's 'n God om in te glo!

6

4.
Let me all your love accepting,
Love you, ever all my days;
Let me seek your kingdom only
And my life be to your praise;

You alone will be my glory,
Nothing in the world I see;
You have cleansed and sanctified me,
You have loved and set me free.

7

5.
Na 'n wêreld sonder liefde,
na 'n wêreld sonder hoop,
stuur die Gees ons met die boodskap:
Liefde sluit die lewe oop!

Hier is liefde in sy arms;
hier is krag bo ons vermoë;
hier is hoop in donker tye;
hier's 'n God om in te glo!

8

Lied 442 Gees van God, wat in my woon

1.
Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my –
breek die Woord vir my.

9

2.
Gees van God wat lewend maak,
vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak,
vorm my tot u eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer –
vorm my tot u eer.

10

2.
Spirit of the living God,
move among us all;
make us one in heart and mind,
make us one in love:
Humble, caring, selfless, sharing.
Spirit of the living God,
fill our lives with love.

11

Droomdraers

Fanie Cronjé

22 Oktober 2026

12

Bevestiging

Rehan Rheeder
Hoof Uitvoerende Beampte
Noordelike Sinode

13



14

Liturg:
Hemelse Vader, ons bring vandag hierdie lede van die Sinodale Diensraad voor U wat geroep is om u kerk vir die volgende vier jaar te dien.
Ons dank U vir hul gewilligheid, hul gawes en hul toegewyde harte.

Almal:
Here, vul hulle met u Gees en skenk aan hulle u wysheid.

15

Liturg:
Here Jesus, wanneer hulle vergaderings bywoon en besluite neem oor U voetspoor in die wêreld, gee aan hulle 'n gees van onderskeidingsvermoë, eerlikheid en nederigheid.

Almal:
Wees U hul lig in elke besluit en in hul dienswerk.

16

Liturg:
Heilige Gees, lei hulle in hulle werk in die Ring. Gee aan hulle helderheid, liefde en wysheid om die visie en besluite opbouend oor te dra, sodat die band van eenheid en geloof versterk word.

Almal:
Maak hul terugvoer 'n bron van bemoediging en hoop vir elke Ring en gemeente.

Droomdraers

17

Liturg:
Mag die Here voor julle uitgaan om die pad gelyk te maak; mag Hy langs julle wees om julle te ondersteun; mag Hy julle verstand verlig met sy waarheid en julle harte vul met sy vrede. Ons seën julle diens en julle getuienis vir die komende vier jaar, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Almal: Amen.

Droomdraers

18

Nagmaalsviering

19

Lied 292   My enigste troos

1.
My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
dis my anker, my vaste hoop.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
dis my anker, my vaste hoop.

20

Nagmaalsviering

Droomdraers

21

Droomdraers

WAAR HOOP
DIE TOEKOMS ONTMOET

NOORDELIKE SINODE
18 - 22 OKTOBER

22

Vonkk 159   Heer, ons dink aan Afrika

1.
Heer, ons dink aan Afrika,
land van helder son.
Soveel mense wat hier woon,
wag op God se Woord –
mense smagtend in hul nood
na die God van hoop.
Hoor ons smeekgebed, o Heer,
Vader wat regeer.

23

Tell the love of Jesus
by her hills and waters
God bless Africa
and her sons and daughters.

24

2.
Heer, ons bid vir Afrika,
waar U ook regeer.
Raak die harde harte aan
om tot U te keer.
Laat u koninkryk hier kom
en u wil geskied.
Hoor ons pleit vir Afrika,
Vader, as ons vra.

25

Tell the love of Jesus
by her hills and waters
God bless Africa
and her sons and daughters.

26

Bring die liefde van ons Heer
na die mense wat hier woon.
Heer, seën Afrika!
Laat ons saam in vrede woon.

27

Droomdraers

Amen

28

MANS/MEN

Lied 314

29

DAMES/LADIES

30

ALMAL/EVERYONE

31

32